Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# GRONDSLAGFASE

# GRAAD 3

# NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**PUNTE:** **30**

**TYD:** **1 uur**

**NAAM**: ______________________________

**VAN:** ______________________________

*3AFFAL*

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die instruksies en vrae deeglik deur.

2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.

3. Die onderwyser sal die praktiese oefeninge met jou deurgaan voordat jy met die toets begin.

4. Die toets tel **30 punte**.

5. Die toets duur **60 minute (1 uur)**.

**Praktiese oefeninge:**

1. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.
   Ons sien die hansworse by 'n ...

   A skool

   B sirkus

   C tuin

   Jy het jou vraag korrek beantwoord as jy **B** omkring het.

2. Omkring die regte woord tussen hakies.

   Die kinders slaap (uit / **op**) die bed.

   Jy het jou vraag korrek beantwoord as jy die woord **op** omkring het.

3. Maak 'n kruisie **(x)** in die blokkie langs die regte antwoord.

Die koei gee vir ons ...

| | |
|---|---|
| brood | |
| melk | **x** |
| koeldrank | |

4. Die sinne hieronder vertel vir ons hoe om 'n kaastoebroodjie te maak.

Nommer die sinne (1 - 4) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.

| | |
|---|---|
| Volgende sit ek 'n sny kaas op een sny brood. | **3** |
| Eerstens sit ek 2 snye brood in 'n bord. | **1** |
| Laastens sit ek die ander sny brood bo-op. | **4** |
| Dan smeer ek die botter op die snye brood. | **2** |

Jy het jou vraag korrek beantwoord as jy die vrae in die regte volgorde genommer het.

In jou toets sal jy nog vrae soos hierdie kry om te beantwoord.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

Lees die storie en beantwoord dan VRAE 1 – 5.

Ben en Karen woon in Kaapstad. Hulle ouers het hulle die Vrydagaand na die sirkus geneem. Die sirkus het om sewe-uur begin.

Die swart ponies was eerste. Hulle het galop en oor pale gespring. Die olifant het stadig ingestap. Die hansworse was volgende aan die beurt. Hulle het mekaar natgegooi met water. Die hansworse het 'n hele paar snaakse toertjies gedoen. Die gehoor kon nie ophou lag nie.

Pouse het pappa vir hulle springmielies en koeldrank gekoop.

Die eerste item na pouse was die hondjies. Hulle het op hul pootjies gedans. Die mense het hande geklap.

Almal was doodstil en bang toe die leeus inkom. Hulle het in die rondte gestap terwyl hulle hul sterte swaai. Die ape het van die een tou na die ander geswaai. Die mense het die sirkus baie geniet.

Die kinders het vir pappa en mamma elkeen 'n druksoen gegee om dankie te sê. Hulle het nog lank in hul beddens gelê en weer aan alles gedink.



1. **Maak 'n kruisie langs die regte antwoord.**

1.1 Gee 'n gepaste naam vir die storie.

| | |
|---|---|
| Karen gaan skool toe. | |
| Die sirkus. | |
| Oupa se plaas. | |

(1)

1.2 Hoe laat het die vertoning begin?

| | |
|---|---|
| Vyf-uur | |
| Twaalf-uur | |
| Sewe-uur | |

(1)

2. **Dui die volgorde van die gebeure in die storie aan. Nommer die sinne 1 - 4 in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.**

| | |
|---|---|
| Pouse het pappa vir hulle springmielies en koeldrank gekoop. | |
| Die swart ponies was eerste. | |
| Die mense het hande geklap. | |
| Die hansworse was volgende aan die beurt. | |

(1)

3. Omkring die letter langs die regte antwoord.

3.1 **Wie het mekaar natgegooi met water?**
.

A Mamma en pappa.

B Ben en Karen.

C Die hansworse (1)

3.2. **Wat was die eerste item na pouse?**

A Die hondjies.

B Die ape.

C Die swart ponies. (1)

4. Omkring die letter langs die regte antwoord.

4.1. **Die geh _ _ r kon nie ophou lag nie.**

A ee

B aa

C oo (1)

4.2 **Die mense het die sirkus baie gen _ _ t.**

A oe

B ie

C ui (1)

5. Maak 'n kruisie **(x)** in die blokkie met die regte antwoord.

**Ben en Karen het nog lank in hul beddens gelê, want ...**

| | |
|---|---|
| hulle was moeg. | |
| hulle was kwaad. | |
| hulle het weer aan alles gedink. | |

(1)

6. **Skryf die sinne oor in die:**

6.1 **Verlede tyd:**

Marie speel op die gras.


Gister ______________________________ (1)

6.2 **Teenwoordige tyd:**

Die sirkus was in ons dorp.

______________________________ (1)

7. Kyk na die prent en beantwoord VRAE 7.1, 7.2 en 7.3.



**Omkring die letter langs die regte antwoord.**

7.1 **Wat doen die meisie?**

A Staan by die lamp.

B Sit op die bank.

C Pak die boeke netjies. (1)

7.2 **Wat doen oupa?**

A Slaap

B Lees die koerant.

C Drink koffie. (1)

7.3 **Wat is op die tafeltjie?**

A Blompot met blomme.

B Die lamp.

C Die kussing. (1)

8. Skryf die sin oor en **vul in die hoofletters, punte en vraagteken.**

8.1 waar woon ben en karin (4)


.......................................................................................................................................................

8.2 Maak 'n kruisie **(x)** in die blokkie met die regte leestekens.

| | |
|---|---|
| "Pasop vir die hond!", skree die man. | |
| Pasop vir die hond skree die man. | |

(1)

9. **Kyk na die prente en voltooi die sinne.**



My ma bak

9.1 ........................................... in die oond. (1)



Die kind

9.2 ............................. sy boek. (1)



Daar is 'n

9.3 ........................................... in die huis. (1)



My suster het haar


9.4 ........................................ verloor. (1)

10 **Die sinne hieronder vertel vir ons hoe om vrugteslaai te maak. Nommer die sinne (1 - 4) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.**

| | |
|---|---|
| Voeg die suiker by. | |
| Skil die vrugte. | |
| Laat dit staan vir een uur voordat jy dit eet. | |
| Sny die vrugte in kleiner stukke en meng dit. | |

(1)

11. **Die grafiek wys die vrug waarvan die kinders hou. Beantwoord VRAAG 11.1 en 11.2.**




11.1 Van watter vrug hou die kinders die meeste?

------------------------------------------------------------ (1)

11.2 Van watter vrug hou hulle die minste?

------------------------------------------------------------ (1)

12. Kyk na die prentjie en skryf een paragraaf van ten minste **4 - 6 sinne** oor jou eie verjaarsdag.

Maak seker jy gebruik die regte taal, spelling en leestekens.

**Moenie jou sinne nommer nie.**

My verjaarsdag.



(5)

**TOTAAL: 30**